

# Die BYBEL

(66 Boeke)

**ONS GLO - Die Bybel is God se woorde**

**2Ti 3:16** Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,

**2Ti 3:17** sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

**2Pe 1:20** Dít veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie,

**2Pe 1:21** want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.

(Hand 28:23; Luk24:27)

# INHOUD

- 1. Die Ontstaan van die Bybel**
- 2. Die Gesag van die Bybel**
  - 1. Gesag (Inspirasie)**
  - 2. Interpretasie**
- 3. Struktuur / Uitleg van die Bybel**
- 4. Die storielyn van die Bybel**
- 5. Die Bybel – Boek vir boek**

# ONTSTAAN VAN DIE BYBEL

In die eerste plek moet ons mooi verstaan wat die verskil is tussen Tekskritiek en Skrif kritiek.

- Skrif kritiek – beteken dat jy sekere dele van die Skrif nie aanvaar nie. Dit is soos Mites en Fabels ens.
- Tekskritiek - beteken en het te make met die geskiedenis van die oordrag van die Hebreeuse teks na hedendaagse tale.

## Fases Stadia by die ontstaan van die Bybel

- Eerste Fase
  - Mondelings (soos Psalms – Gesing)
  - Oorlewering – Oorvertel
  - Hirogliewe (Prente op klippe en houtvoorwerpe)
- Daarna Geskrewe
  - Ongevokaliseerd (sonder klinkers)
  - Gevokaliseerd (MT – Masorietiese teks)

# Ontstaan (vervolg)

## Hoekom tekskritiek nodig

- Hebreuse skrif moeilik om te lees
- Met oorskryf gaan bedoelde betekenis verlore
  - Ingrieksisaanmekaaargeskryfomplektebespaar
  - Ingrieks is aan mekaar geskryf om plek te bespaar
  - Ingrieks is aanmekaar geskryf om plek te bespaar
- Oorskryf foute
  - Dittografie (Herhaling)
  - Haplografie (weglating omdat oog spring)
- Herstel van die teks
  
- 1530 eerste Bybel met boekdrukuns
- 1948 Dooie see rolle – Skatting so +-100vC – Essense sekte

# Ontstaan (vervolg)

## Teorieë van die ontwikkeling van die Bybeltekste (Manuskripte)

Die vraag is :Hoe verklaar ons die verskillende variasies van die Bybelse manuskripte wat onbetwisbaar nog bestaan het in die laat, tweede tempel periode (70 nC)? Van die teorieë is:

### 1. Lokale teks teorie – 3 Kategorieë

William F Albright en Frank M Cross is van mening dat die rede vir die verskille geografies van aard is. Daar bestaan basies 3 hooftipes van teks wat onderliggend is aan die

- |                           |           |
|---------------------------|-----------|
| 1. Septuagint (LXX)       | Egipte    |
| 2. Samaritaanse Pentateug | Palestina |
| 3. Masoretiese Teks (MT)  | Babylon   |

Die teorie is dus dat hierdie drie hooftipes in die geografiese areas ontwikkel het.

# Ontstaan (vervolg)

## 2. Teorie van die oorblyfsels van die Een Oorspronklike verheewe teks tipe

Shemaryahu Talmon se siening of teorie is dat daar een oorspronklike Teks was en waarvan verskillende groepe hul eie afskrifte gemaak het. Die 3 tipes soos in 1 genoem is dus 3 oorblyfsels, waarvan ons nou bewus is aangesien al die ander verlore is, insluitende die oorspronklike. Maar dit kan, volgens hom, ook wees dat daar nog baie ander bestaan het.

## 3. 5 Kategorieë Teorie

Emmanuel Tov was van mening (na 'n versigtige ontleding van die dooie see rolle) dat daar 5 kategorieë teks tipes bestaan nl.

1. Egipte                      Septuagint (LXX)
2. Palestina                  Samaritaanse Pentateug
3. Babylon                    Masoretiese Teks (MT)
4. Die eiesoortige “Qumran orthography” (1948) en
5. 'n ongedefinieerde tekstipe wat nie deel is van die ander 4 nie.

# Ontstaan vervolg)

## 4. Evolusie proses

Eugene Ulrich sien die ontwikkeling van die Bybeltekste as 'n opeenvolgende ontwikkeling van tekste totdat die finale kanon vasgestel is en dat die tekste wat nou ontdek is net tussentydse stadia was in hierdie ontwikkelingsproses.

Voor die ontdekkings in die Judea woestyn is daar baie gesteun op die LXX (Septuagint -Griekse Bybelvertaling wat voor 132vC voltooi is) omdat, mense altyd aanvaar het dat, die Hebreeuse manuskripte wat gebruik is om die LXX te vertaal, ouer was as die MT en daarom meer oorspronklik, maar nou weet ons dat die Proto-MT reeds in gebruik was met die vertaling van die LXX, en dit het die gevolg dat ons nou nie meer outomaties aanvaar dat 'n goeie LXX vertaling kan eis dat dit meer antiek is as die Proto-MT nie.






# Qumran - 1948







# Ontstaan vervolg)

Baie van die ander vertalings se Hebreeus waaruit dit opgestel is verskil baie min van, en is dus eintlik gebaseer op die MT soos:

- **Targums** – Nie noodwendig volledige vertaling as sulks, maar stukke wat vertaal is om die moeilike Hebreeus beter te kon verstaan.
- **Peshitta** – (Ou Testament in Siries - Nuwe Testament Aramees?)
- **Vulgaat** - Latynse vertaling van die OT
- **Samaritaanse Pentateug** wat aanvanklik baie naby aan die MT was maar later in sy kanonieke vorm, redelik ver daarvan verwyder was.

# Ontstaan vervolg)

Alhoewel daar meningsverskille is is die oorgrote meerderheid van tekskritici dit eens dat die Proto-Masoretiese Teks (MT) as een van die oudste en oorspronklikste manuskripte gesien kan word. Die status aan die een kant is dat die MT net een van baie manuskripte is maar aan die ander kant het dit

1. 'n bevoorregte posisie en word dit as 'n soort standaard beskou en as vertrekpunt vir enige nuwe vertaling.
2. Unieke gesagsposisie in Joodse kringe (Rom 3:2 Die woorde van God aan die Jode toevertrou)

Die skrywers van die Qumran geskrifte het heel waarskynlik die Proto-Masoretiese Teks gebruik as basis en daar is 'n baie groot moontlikheid dat dit die basis geskrif is wat deur die Fariseërs en Skrifgeleerdes gebruik was.

Ons moet ook onthou dat baie van die ander vertalings se Hebreeus waaruit dit opgestel is baie min verskil van die MT soos die Targums, Peshitta, Vulgaat ens. En ons weet nou verseker dat die Proto-Masoretiese Teks (MT) reeds voor 300vC bestaan het en dus voor die LXX.





# Ontstaan (vervolg)

## Die basiese 5 doelstellings van tekskritiek is

1. Om die teks te kan herstel volgens wat die oorspronklike skrywer se oorspronklike bedoeling was, wat hy aan die publiek wou oordra.
2. Om die teks te kan herstel volgens die oorspronklike bedoeling van die oorspronklike redakteur.
3. Om die teks te kan herstel volgens die vroegste en mees oorspronklikste manuskripte wat bestaan, en waarvoor daar bewyse is dat bestaan.  
(Gewoonlik die 2de eeu vC)
4. Om die tekste te kan herstel volgens die oudste tekste wat in 'n gegewe godsdienstige samelewing geheers het, aangesien daar verskille tussen die tekste van die verskillende samelewings was. Ons kyk daarna as die tekste wat deur die Joodse samelewing aangehang was en waarvan die oudste die Masoretiese Tekste (MT) was.
5. Om die finale tekste te kan rekonstrueer en herstel volgens die mees oorspronklikste vorm, waar daar boeke of perikope is wat meer as een vorm in dieselfde kanon het, terwyl elk ewe geldig is.

# ONTSTAAN (VERVOLG)

## Twee sienings van gesiene Eksegete

**Emanuel Tov se siening is dat :**

**die Bybelboeke in hulle finale kanonieke vorm die doelwit moet wees van teks kritiek, gemeet aan MT as die oorspronklik teks.**

**Eugene Ulrich se siening is dat**

**die Bybel getrou vertaal moet word vanuit die verskillende manuskripte waarop ons, ons hande kan lê en met die verskil dat evolusionêre spronge na die 'nuwe' gegee kan word, om sodoende 'n nuwe gewysigde uitgawe van Bybelboeke voort te bring. Die oudste manuskripte kan as die basis tekste gesien word, maar selfs die Hebreuse Bybel is hoogs waarskynlik deur verskillende tekste saamgestel en daarom kan ons dit ook vandag doen.**

***My eie siening (subjektief)***

**Ek stem saam met Tov se siening dat die MT tog blyk die basis te wees en dit ook so in die ou Joodse kringe die teks was wat gesag gedra het.**

# Ontstaan (vervolg)

Waar het die oorspronklike manuskripte vandaan gekom?

Verskeie teorieë – maar niemand weet regtig nie

4-bronne JEDP – Teorie en kombinasies daarvan

- J-Bron           Jahwistiese bron
- E-Bron           Elohistiese bron
- D-Bron           Deuteronomistiese bron
- P-Bron           Priesterlike bron

# Ontstaan (vervolg)

## GEVOLGTREKKING

God het in Sy wysheid genoeg goed geskep vir mense om hulleself op te hang wat nie net suiwer wil glo nie. Hy het ook geweet dat as die fisiese bewyse behoue gebly het, mense hierdie fisiese goed aanbid en nie vir Hom nie. Daarom glo ek het hy o.a. die volgende goed laat verdwyn:

- Noag se Ark
- Die Ark van die Verbond
- Die presiese plek van Sy geboorte
- Die presiese plek van Sy kruisiging
- Die presiese plek van Sy graf
- Die presiese plek van waar Hy opgevaar het
- Die oorspronklike Geskrifte OT en NT ens.

**Heb 11:6 As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom seek, beloon.**





# Ontstaan (vervolg)

## GEVOLGTREKKING

Dit onnodig is om te probeer vasstel presies waar die teks vandaan kom en hoe dit, tot stand gekom het, en eerder konsentreer op die finale vorm se mening daarvan.



# Ontstaan (vervolg)

## VERTALINGS

Wat sê ons nou van verskillende vertalings?:

| <u>SKAAL VAN VERTALINGS</u> |                    |                       |                       |
|-----------------------------|--------------------|-----------------------|-----------------------|
| <u>Mees suiwer</u>          |                    | <u>Minste suiwer</u>  |                       |
| <u>Oorspronklike Teks</u>   | <u>Manuskripte</u> | <u>Vertalings</u>     | <u>Parafrases</u>     |
| <u>Nie beskikbaar</u>       | Vele               | Goeie/Swak Vertalings | Goeie/Swak parafrases |
| Eng                         | -                  | KJV/ESV      NIV      | MSG                   |
| <u>Afr</u>                  | -                  | 1933/53 / NAV /NLV    | Die Boodskap          |

**Vertaling** is 'n Bybel wat sover moontlik probeer om 'n woordelike vertaling te doen van die oudste manuskripte en nuutste inligting beskikbaar na die woorde van die taal waarna toe dit vertaal word en na woorde toe wat beskikbaar is om dit die beste te omskryf.

Onthou ook taal is lewendig en verander gedurig nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

**Parafrase** is 'n Bybel wat nie direk woord vir woord vanaf die mees oorspronklikste manuskripte vertaal is nie, maar waar die vertaler of skrywer van die parafrase eerder die bedoeling van die boodskap soos (hy dit verstaan) weergee.

Lees meer oor verskillende vertalings en parafrases:  
<http://www.biblestudytools.com/bible-versions/>

# Ontstaan (vervolg)

## Volgende keer

### 2. Die Gesag van die Bybel

1. Gesag

2. Interpretasie

### 3. Struktuur / Uitleg van die Bybel

**Verse om bv na te kan kyk in verskillende vertalings sê:**

- |                          |      |     |
|--------------------------|------|-----|
| - Afr Ou Vertaling       | 1953 | AOV |
| - Afr Nuwe Vertaling     | 1983 | ANV |
| - Nuwe lewende Vertaling | 2006 | NLV |

**Jes 53:8**

**Gen 49:7**

**2Sam 19:27 – Vertalers nie seker**

**Openb 13:10 - AOV dalk bietjie nie so reg vertaal**

**Webadres om E-sword af te laai:**

**<http://www.e-sword.net/>**